Reformerende Kerk
Pretoria

10 Januarie 2010

Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.

Teks: *1 Korintiërs 1:18-31*
Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. (v.30).

Sang:
Lofsang: 159:1,2,3. God is hier teenwoordig.
Die oorwinningslied.

Na die wet en die vryspraak: 292:1,2. My enigste troos in lewe en dood.

Die geloofsbelydenis van Nicea.
Psalm 84:1 en 5. Hoe lief het ek u woning, Heer.

Slotlied: 273:1,2,3,4. Laat my met U verenig lewe.

***

Ons moet mooi nadink oor ons teksvers vanaand, nie net in hierdie erediens nie, maar wanneer ons ookal oor ons geloofslewe tob.

In jou geloofslewe is God, Jesus Christus en jy betrokke. Dit is drie elemente van die geloofslewe waar die een nooit sonder die ander kan bestaan nie.

God hou die allerantwoord in ons geloofslewe. Hy het ons uitverkies om sy kinders te wees. Dit is 'n feit wat ons net moet aanvaar en ons eie maak. In sy wysheid, maar ook in die groot misterie van die uitverkiesing, het God die vinger na jou gewys en gesê: Jy is Myne.

Ek weet nie of jy al mooi oor hierdie ding wat met jou gebeur het, gedink het nie. Toe God sy heilige vinger na jou gewys het en jou nadergewink het, het jy ook net besef dat jy syne is. Daar was eenmaal in jou lewe interaksie tussen jou en die heilige God en gedring deur die Heilige Gees het jy besluit om die Here s'n te wees.

God het vir jou 'n nuwe identiteit gegee. Hy het jou beklee met Christus. Die mens wat jy was voor jou uitverkiesing, is anders as die mens wat jy nou is. Op hierdie lewenspad het jou geestelike bestaan vir jou ook 'n werklikheid geword. Jy het ontdek dat jy nie net mens in die wêreld is nie, maar dat jy ook mens in Christus is.

Dit het vir jou 'n nuwe opdrag gebring.

Jy het 'n dienaar van die evangelie geword. Wat jy ookal doen of sê, in hierdie wêreld is jy 'n dienaar van God se evangelie. Deur jou woord en voorbeeld moet jy die Goeie Nuus van Jesus Christus se evangelie uitdra.

Jy het nou 'n nuwe status in die lewe. Jy is nie maar net 'n mens wat lewe nie. Jy is nou 'n mens met 'n opdrag van God in die wêreld. Nou is jy nie maar net 'n sakeman, of 'n onderwyser, 'n tekenaar of 'n treindrywer nie. Jy is nou dit wat jy doen in 'n nuwe gedaante. Wat jy op aarde doen, doen jy nou vanuit Jesus Christus se liggaam.

Ons moet nooit ligtelik met Jesus se liggaam omgaan nie. Sy liggaam is die kerk op aarde. Ons moet met groot verantwoordelikheid na die kerk kyk, veral die kerk waarin ons geroepe is om Hom te dien. Dit is die deel van die liggaam waarvandaan God wil hê at jy moet uitbeweeg en die volheidslewe leef wat Hy vir jou wil. Dit is hier waar jy na die prediking moet luister en die stem van God moet hoor. By die kerk ontdek jy die Here wat met jou bemoeienis maak, wat jou so lief het dat Hy jou sy kind maak.

Jy sit dus in hierdie kerkgebou met die wete: "Ek is God se kind." Hier gaan jy vanaand uit as sy kind. Jy kan nie anders nie as om hier uit te stap in die gedaante van Jesus Christus.

Jy kan die eenheid met Jesus Christus nie geringskat nie. Een ding moet jy besef en dit is dat die misterie van jou eenheid met Jesus 'n lewenswerklikheid is. Jy kan dit nie ontken of daaruit probeer ontsnap nie. God het jou tot kindskap uitverkies. Hy het jou met Christus beklee en jy moet die implikasie van daardie eenheid besef en dit uitleef.

Jy leef in dankbaarheid teenoor God omdat Hy jou totaal nuut gemaak het. Ons kan werklik nie die Here Jesus as Verlosser aanvaar en leef asof ons nie deel het aan sy genadige verlossing nie. Ons durf nie sê dat ons familie van Jesus is, terwyl ons lyk soos die wêreld nie.

God maak jou anders. Dit is waarom
sy Heilige Gees in jou kom woon. Sy Gees maak van
jou 'n mens vol liefde. Skielik vind jy dat die wêreld met sy vuil taal en rowwe styl net nie meer aanvaarbaar is vir jou nie. Nou vind jy jou vreugde in die Here en sy groot mag.

Jy leef in sy liggaam en reik uit na die mense rondom jou.

En daar ontdek jy dat God jou gebruik.

Jy is 'n dissipel van Jesus wat al sy goedheid, liefde en vrede moet uitstraal. Om dit reg te kry moet jy al hierdie dinge joune maak. Jy kan tog nie 'n volgeling van Jesus wees as jy nie die liefde vir jou medemens uitstraal nie. Dit is nie goed genoeg om net te sê dat jy almal liefhet nie.

Ons moet die liefde wat God in ons harte vir mekaar geplant het, daadwerklik uitleef. Daardie liefde is nooit 'n goedkoop liefde nie.

Dit kom met 'n prys en die kind van die Here is altyd bereid om daardie prys te betaal.

Waarom laat God jou verenig met Christus Jesus leef? Eenvoudig omdat Hy wil hê dat jy sy karakter in die wêreld moet uitdeel.

God se kerk, die liggaam van Jesus, moet 'n deel van die mensheid wees wat in karakter en styl so anders is as die wêreld dat die wêreld ons kan raaksien en dit hulle kan verander.

Ons word die dinamiek van God se vernuwing in die wêreld. Dit beteken eenvoudig dat ons kan liefhê soos die wêreld dit net nie kan doen nie. Ons norme is anders. Dit gaan nie by ons om mense wat ryk is en besondere status en mag het nie.

By ons moet dit gaan om stukkende mense wat die heling van die Here Jesus baie nodig het. Dan moet ons ook bereid wees om in hierdie stukkende wêreld te help om daardie mense heel te maak.

Die gelowige moet probeer om nie hierdie wêreld net meer stukkend te maak nie. Ons is almal skoongewas in die kosbare bloed van Jesus. Ons mag net nie meedoen aan die aftakeling van

die wêreld nie. As ons dit doen bou ons nie mekaar op en dra ons nie by tot die heelmaak van die wêreld nie.

Ons moet mooi dink oor die feit dat ons met Jesus verenigd lewe, met Hom wat die ware wynstok is. Met daardie selfde gesindheid waarmee Hy na die verlore mensheid gekom het, moet ons ook na die wêreld toe gaan. Ons gaan tog na hulle toe in die Naam van Jesus en met sy verlossingskrag. Ons wat glo gaan nie met leë hande na die mense om ons toe nie.

Die Here rus ons toe om sy getuies te wees. Hy gee selfs vir ons die woorde wat ons moet sê. So vind 'n mens dikwels in oomblikke wanneer jy nie mooi weet wat of hoe nie, die regte woorde vir die regte oomblik.

Ons is dus dankbaar teenoor God dat ons met Christus verenig kan lewe.

Dit is goed om ook in jou stiltetyd oor hierdie saak na te dink en daaroor te bid. Hoe meer jy daaroor dink, hoe sterker sal die geestelike sy van jou lewe na vore kom. Jy sal nie 'n mens wees wat skynheilig voor die ander mense staan nie, maar een wat onder leiding van die krag van die Heilige Gees van die Here se verlossing in jou lewe kan vertel.

Dan sal jy God se Gees ontdek wat in jou werk. Daar sal 'n nuwe dinamieka in jou lewe sigbaar word en jy sal nuut en oorspronklik begin dink. Dan sal jy byvoorbeeld sê dat die lot van die boemelaar by die kerk se voordeur jou aangryp en jy iets daaromtrent wil doen.

God se Gees sal dit meer as jou voorneme maak. Jy sal 'n deelnemer word wat aktief begin werk om stukkende lewens heel te maak.

Ons kan nie almal predikante wees nie, maar ons kan almal bouers van die liggaam van die Here Jesus wees. Elkeen van ons moet besluit hoe hy of sy betrokke wil wees by die werk van die liggaam van die Here Jesus, by die kerk.

Jy kan nooit jou geloofslewe van die kerklewe afskei nie, want jy is met Christus verenig. Ons word mooier, gelukkiger en meer tevrede mense as ons betrokke raak en die heil van Christus na mense toe bring.

Dit vra van ons meer as om net vir mense te sê dat Christus hulle Verlosser behoort te wees. Dit eis van ons om iets van die verlossing uit te dra en mense aan te raak sodat hulle ook kan nuut word. Die dinamieka van die geloof gaan hulle gou aangryp as hulle dit in jou sien, as hulle sien dat jy nie net op die geestelike paviljoen wil sit nie, maar ook 'n dader van die geloof wil wees. Dan trek jou liefde en entoesiasme hulle nader, God se kerk word groter en sy heil breek vir meer mense deel.

Vanaand sit jy hier as 'n dankbare mens want jy is een met Christus. Jou hart is vol van sy liefde. Jy het die vrede in jou van die verlossing wat Hy vir jou bewerkstellig het. Maar jy het ook die geborgenheid dat jy in sy liggaam leef en vanuit daardie liggaam werk. By Hom voel jy veilig en vir Hom pak jy 'n taak aan. Die Here is vir jou 'n werklikheid. Jy beleef Hom nuut en heerlik en jy wil vir ander van Hom vertel sodat hulle ook hierdie heilige dinge kan ervaar en die volheidslewe kan geniet.

Dit is my gebed dat jou eenheid met Jesus vir jou altyd die heerlike werklikheid van jou lewe sal wees. Dan sal jy ook 'n bruikbare instrument in sy koninkryk wees en jy sal werklik voluit leef soos Hy dit van jou verwag..

Amen